




### C. Etikettering

'n Klein etiket waarop die naam van die versamelaar en datum en plek van versameling aangegee word, word aan die speld onder die insek geplaas. Gebruik 'n houtblokkie met gaatjies om alle etikette op dieselfde hoogte te plaas en die lengte van die speld bokant die insekte se liggame ewe lank te maak. Name van ordes en families kom nie aan die insekte self nie maar slegs in die kissies.

### D. Versorging van die Versameling

'n Plat kissie met 'n glasdeksel word as permanente houer vir die versameling aanbeveel. Die bodem van die kissie word uitgevoer met kurk of plastiekskuim sodat spelde maklik daarin gesteek kan word. Hierdie insekkissies moet feitlik lugdig wees. Gebruik Paradiklorobenseenkristalle om enige ander organismes wat die droë insekte kan vreet weg te hou. Vervang dit gereeld.



## PAPIERSTROKE

## Werkswinkel

Die maak van uitstallings is 'n belangrike funksie van die Museum. Die bou van vertoonkaste is so 'n integrerende deel hiervan dat 'n hoogs bekwame tegniese personeel en 'n goed toegeruste werkswinkel daarvoor nodig is. Dit is egter nie alleen vertoonkaste en die uitstalvlakke daarin wat vanuit die werkswinkel gebou word nie. Daar is onder meer al spesiale meubelment vir kantore en laboratoria vervaardig, 'n houtmodel gebou vir 'n rekonstruksie van 'n uitgestorwe buffel, metaalhake gemaak vir die ophys van 'n dooie olifant tot 'n natuurlike staande posisie, 'n rekonstruksie gemaak van 'n Soeloe-hut, historiese meubelstukke gerestoureer, ens. 'n Groot projek waaraan tans gewerk word, is die omskepping van die bestaande kunssaal in 'n lesingsaal.



Die nuwe uitstalling in die Geologiesaal sal binnekort voltooi wees. Op hierdie foto is die skrynwerkers besig aan die nuwe vertoonkas vir fluoësserende minerale. Hierdie minerale wat onder ultraviolet beligting "gloei" is maar net een van die aantreklikhede in hierdie saal.

